
# 381 Ons liewe Vrou en Koningin




Hoe treurig moes u Hom die kruis sien dra met wankel skrede;
hoe droef was u toe Hy die gees gee met ‘n laaaste bede.
Hoe smart’lik tog het u gerou toe u Hom in die lykdoek vou,
dit alles is verlede.

U deel nou met Hom sy geluk, die loon van kruis en lyding,
maar ons dra nog die aardse juk en hunker na bevryding.
O bid dat ons wat op Hom bou, eens ook verrys en Hom aanskou,
in ewige verblyding.